BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

30c — Woensdag 31 Maart 1982 — WINDHOEK — Wednesday 31 March 1982 — No. 4610

INHOUD:

*Bladsy*

GOEWERMENTSKENNISGEWING:

No. AG. 52 Afkondiging van Wet op Staatsfinansies, (Wet 1 van 1982), van die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika 1

CONTENTS:

*Page*

GOVERNMENT NOTICE:

No. AG. 52 Promulgation of State Finance Act, 1982 (Act 1 of 1982), of the National Assembly of South West Africa 1

## Goewermentskennisgewing

Kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

DEPARTEMENT VAN DIE MINISTERSRAAD

No. AG. 52 1982

### AFKONDIGING VAN WET VAN NASIONALE VERGADERING

Die volgende Wet, wat ingevolge die Proklamasie op die Nasionale Vergadering, 1979 (Proklamasie AG. 21 van 1979), deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika aangeneem en deur die Administrateur-generaal onderteken is, word hierby afgekondig ingevolge artikel 19 van daardie Proklamasie:—

No. 1 van 1982 : Wet op Staatsfinansies, 1982

## Government Notice

Offive of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

DEPARTMENT OF THE COUNCIL OF MINISTERS

No. AG. 52 1982

### PROMULGATION OF ACT OF NATIONAL ASSEMBLY

The following Act, which has been adopted by the National Assembly of South West Afrika and signed by the Administrator-General in terms of the National Assembly Proclamation, 1979 (Proclamation AG. 21 of 1979), is hereby published in terms of section 19 of that Proclamation:—

No. 1 of 1982 : State Finance Act, 1982

Wet No. 1, 1982

# WET OP STAATSFINANSIES, 1982

*(Afrikaanse teks deur die Administrateur-generaal onderteken op 29 Maart 1982)*

# WET

**Om voorsiening te maak vir die reëling van die ontvangs, bewaring, bank en verantwoording van, en vir die beheer en beskikking oor, Staatsgeld, seëls, sekuriteite, vorms wat 'n sig- of potensiële waarde het, uitrusting, voorrade en ander roerende goed waarvan die Staat die eienaar is of wat aan die Staat verhuur is; die bestryding van uitgawes aan dienste van die Staat in of ten opsigte van die gebied en die doen van ander betalings uit die bankrekenings wat ten opsigte van Staatsgeld gehou word; die verhaal van verliese of skades wat ten nadele van die Staat veroorsaak is; die pligte en bevoegdhede van die Tesourie; die aanstelling, pligte en bevoegdhede van 'n Ouditeur-generaal; die aangaan en terugbetaling van lenings deur die Staat; die bepaling van rentekoerse ten opsigte van sekere skulde aan die Staat; die verstrekking van waarborge, vrywarings en sekuriteite deur die Ministersraad aan sekere statutêre instellings, banke, maatskappye of regspersone; en aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika, soos volg:—

Woordomskrywings.

**1.** (1) In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

(i) "addisionele begroting van uitgawes" 'n addisionele begroting van uitgawes in artikel 4(3) bedoel; (ii)

(ii) "Bank" die Suid-Afrikaanse Reserwebank in artikel 2 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, 1944 (Wet 29 van 1944), vermeld; (v)

(iii) "begroting van uitgawes" 'n begroting van uitgawes in artikel 4(2)(*a*) bedoel, met inbegrip van 'n addisionele begroting van uitgawes; (xi)

(iv) "begrotingspos" 'n begrotingspos aangetoon in 'n bylae by 'n Begrotinsgwet en in 'n begroting van uitgawes, met inbegrip van 'n addisionele begroting van uitgawes; (xxviii)

# STATE FINANCE ACT, 1982

Act No. 1, 1982

*(Afrikaans text signed by the Administrator-General on 29 March 1982)*

# ACT

**To provide for the regulation of the receipt, custody and banking of, and accounting for, and for the control and disposal of, State moneys, stamps, securities, forms having a face or potential value, equipment, stores and other movable goods owned by, or hired out, to the State; the defrayal of expenditure on services of the State in or in respect of the territory and the making of other payments from the banking accounts maintained in respect of State moneys; the recovery of losses or damages caused to the detriment of the State; the duties and powers of the Treasury; the appointment, duties and powers of an Auditor-General; the raising and repayment of loans by the State; the determination of interest rates in respect of certain debts to the State; the furnishing of guarantees, indemnities and securities by the Council of Ministers to certain statutory institutions, banks, companies or juristic persons; and matters connected therewith.**

BE IT ENACTED BY the National Assembly of South West Africa, as follows:—

Definitions.

**1.** (1) In this Act, unless the context indicates otherwise —

(i) "accounting officer" means the person designated as accounting officer by or under section 6; (xix)

(ii) "additional estimate of expenditure" means an additional estimate of expenditure referred to in section 4(3); (i)

(iii) "appropriation Act" means an appropriation Act referred to in section 4, including an additional appropriation Act so referred to; (v)

(iv) "Auditor-General" means an Auditor-General appointed under subsection (1)(*a*) of section 22 or the person appointed or designated under subsection (1)(*b*) or (*c*) of the said section 22, as the case may be; (xvi)

(v) "Begrotingswet" 'n Begrotingswet in artikel 4 bedoel, met inbegrip van 'n addisionele Begrotingswet aldus bedoel; (iii)

(vi) "binnelandse geregistreerde effekte" openbare effekte wat kragtens paragraaf (*bb*) van subartikel (1) van artikel 27 in die gebied uitgegee en in die registers in artikel 28(1)(*a*) bedoel, aangeteken is; (xiv)

(vii) "boekjaar" die tydperk van 1 April in 'n jaar tot 31 Maart van die onmiddellik daaropvolgende jaar of, by die toepassing van die bepalings van Deel III met betrekking tot 'n statutêre instelling, die boekjaar voorgeskryf by of kragtens die wet waarby of waarkragtens die betrokke statutêre instelling ingestel is; (xii)

(viii) "departement" 'n departement kragtens artikel 3 van die Regeringsdienswet, 1980 (Wet 2 van 1980), ingestel, maar nie 'n departement wat aldus vir 'n bevolkingsgroep in artikel 3 van die Proklamasie op Verteenwoordigende Owerhede, 1980 (Proklamasie AG. 8 van 1980), vermeld, ingestel is nie; (x)

(ix) "gebied" die gebied Suidwes-Afrika; (xxiv)

(x) "handelsbank" 'n handelsbank soos in artikel 1 van die Bankwet, 1965 (Wet 23 van 1965), omskryf; (viii)

(xi) "hierdie Wet" ook instruksies kragtens artikel 21 uitgereik; (xxv)

(xii) "hoofindeling", met betrekking tot 'n begrotingspos, 'n hoofindeling aangetoon in 'n begroting van uitgawes en, indien daar een is, in 'n addisionele begroting van uitgawes; (xv)

(xiii) "inkomste" alle geld ontvang by wyse van —

(*a*) belastings, heffings, regte of lisensies wat nie by of kragtens die een of ander wet die inkomstefonds van 'n verteenwoordigende owerheid of die fondse van 'n statutêre instelling toeval nie;

(*b*) tariewe, koerse, skale of vorderings gehef op dienste deur 'n departement gelewer;

(*c*) boetes ingevorder ten opsigte van enige misdryf ingevolge die gemenereg of 'n ander wet as 'n wet ingevolge waarvan bedoelde boetes die inkomstefonds van 'n verteenwoordigende owerheid of die fondse van 'n statutêre instelling toeval, of die verbeurdverklaring aan die Staat van enige borggeld

(v) "Bank" means the South African Reserve Bank mentioned in section 2 of the South African Reserve Bank Act, 1944 (Act 29 of 1944); (ii)

(vi) "Central Authority Account" means the Central Authority Account mentioned in section 2(1); (xxiii)

(vii) "Central Revenue Fund" means the Central Revenue Fund established by section 3 of the Exchequer and Audit Proclamation, 1979 (Proclamation 85 of 1979); (xxii)

(viii) "commercial bank" means a commercial bank as defined in section 1 of the Banks Act, 1965 (Act 23 of 1965); (x)

(ix) "Council of Ministers", in relation to any power or duty conferred or imposed upon the Council of Ministers by any provision of this Act, means such member of the Council of Ministers to whom the administration of any such provision has been entrusted to under section 35(1); (xiv)

(x) "department" means any department established under section 3 of the Government Service Act, 1980 (Act 2 of 1980), but not a department so established for any population group mentioned in section 3 of the Representative Authorities Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 8 of 1980); (viii)

(xi) "estimate of expenditure" means an estimate of expenditure referred to in section 4(2)(*a*), including an additional estimate of expenditure; (iii)

(xii) "financial year" means the period from 1 April in any year to 31 March in the next ensuing year or, in the application of the provisions of Part III in relation to any statutory institution, the financial year prescribed by or under the law whereby or whereunder the statutory institution concerned has been established; (vii)

(xiii) "Government Service" means the government service referred to in section 2 of the Government Service Act, 1980 (Act 2 of 1980); (xviii)

(xiv) "internal registered stock" means public stock issued in the territory under paragraph (*bb*) of subsection (1) of section 27 and entered in the registers referred to in section 28(1)(*a*); (vi)

of enige ander geld of goed wat in verband met so 'n misdryf betaal of op beslag gelê is;

(*d*) lenings ingevolge die bepalings van hierdie Wet aangegaan;

(*e*) rente op geld deur die Sekretaris ingevolge artikel 9 belê;

(*f*) behoudens die bepalings van subartikel (2)(*b*) van artikel 16, skenkings ingevolge subartikel (1) van genoemde artikel 16 ontvang,

en alle toevallige en ander ontvangste ten opsigte van aangeleenthede waarvoor die Nasionale Vergadering normaalweg bedrae geld kan bewillig; (xviii)

(xiv) "Ministersraad", met betrekking tot die een of ander bevoegdheid of plig wat by die een of ander bepaling van hierdie Wet aan die Ministersraad verleen of opgelê is, die lid van die Ministersraad aan wie die uitvoering van so 'n bepaling kragtens artikel 35(1) opgedra is; (ix)

(xv) "Nasionale Vergadering" die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika by artikel 2 van die Proklamasie op die Nasionale Vergadering, 1979 (Proklamasie AG. 21 van 1979), ingestel; (xvi)

(xvi) "Ouditeur-generaal" 'n Ouditeur-generaal kragtens subartikel (1)(*a*) van artikel 22 aangestel of die persoon kragtens subartikel (1)(*b*) of (*c*) van genoemde artikel 22 aangestel of aangewys, na gelang van die geval; (iv)

(xvii) "ongemagtigde uitgawe" —

(*a*) 'n uitgawe of uitbetaling aangegaan of gedoen strydig met die bepalings van artikel 4(4) of 14;

(*b*) 'n uitgawe of uitbetaling waarvoor nie by of kragtens die een of ander wet voorsiening gemaak is nie;

(*c*) 'n uitgawe of uitbetaling aangegaan of gedoen sonder die by hierdie Wet vereiste magtiging of goedkeuring;

(*d*) 'n uitgawe of uitbetaling aangegaan of gedoen strydig met die bepalings van die een of ander wet;

(xv) "main division", in relation to a vote, means any main division shown in an estimate of expenditure and, if any, in an additional estimate of expenditure; (xii)

(xvi) "National Assembly" means the National Assembly of South West Africa established by section 2 of the National Assembly Proclamation, 1979 (Proclamation AG. 21 of 1979); (xv)

(xvii) "representative authority" means a representative authority as defined in section 1 of the Representative Authorities Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 8 of 1980); (xxviii)

(xviii) "revenue" means all moneys received by way of —

(*a*) taxes, levies, duties or licences not accruing by or under any law to the revenue fund of any representative authority or the funds of any statutory institution;

(*b*) tariffs, rates, scales or charges levied on services rendered by any department;

(*c*) fines collected in respect of any offence in terms of the common law or any law other than a law in terms of which such fines shall accrue to the revenue fund of a representative authority or the funds of any statutory institution, or the forfeiture to the State of any bail moneys or any other moneys or goods paid or seized in connection with any such offence;

(*d*) loans raised in terms of the provisions of this Act;

(*e*) interest on moneys invested by the Secretary in terms of section 9;

(*f*) subject to the provisions of subsection (2)(*b*) of section 16, gifts accepted in terms of subsection (1) of the said section 16,

and all casual and other receipts in respect of matters for which the National Assembly may normally appropriate amounts of money; (xiii)

(xix) "Secretary" means the Secretary for Finance; (xx)

(xx) "security" means any bill of exchange, promissory note or debenture, and, in the application of sections 21(1)(*h*), 27, 31 and 32, includes any stock or bond certificate or other document issued under subsection (1) of section 27 and signed in terms of subsection (3) of the said section 27; (xxi)

**WET OP STAATSFINANSIES, 1982**

(*e*) 'n uitgawe of uitbetaling ten opsigte waarvan 'n bewysstuk of ander bewys van betaling deur die Ouditeur-generaal vereis, nie voorgelê is nie of, in die geval van 'n uitgawe of uitbetaling ten opsigte waarvan so 'n bewysstuk of ander bewys gebrekkig is of verlore of vernietig is, ten opsigte waarvan die Tesourie of, in die geval van 'n statutêre instelling, die uitvoerende bestuur daarvan nie die Ouditeur-generaal ingevolge artikel 23(1)(*c*)(iv) gemagtig het nie om van die voorlegging van die betrokke bewysstuk of ander bewys af te sien; (xxvii)

(xviii) "Regeringsdiens" die regeringsdiens in artikel 2 van die Regeringsdienswet, 1980 (Wet 2 van 1980), bedoel; (xiii)

(xix) "rekenpligtige beampte" die persoon by of kragtens artikel 6 as rekenpligtige beampte aangewys; (i)

(xx) "Sekretaris" die Sekretaris van Finansies; (xix)

(xxi) "sekuriteit" 'n wissel, promesse of skuldbrief, en, by die toepassing van artikels 21(1)(*h*), 27, 31 en 32, ook 'n effekte- of obligasiesertifikaat of ander stuk wat kragtens subartikel (1) van artikel 27 uitgereik en ingevolge subartikel (3) van genoemde artikel 27 onderteken is; (xx)

(xxii) "Sentrale Inkomstefonds" die Sentrale Inkomstefonds by artikel 3 van die Skatkis- en Ouditproklamasie, 1979 (Proklamasie 85 van 1979), ingestel; (vii)

(xxiii) "Sentrale Owerheidsrekening" die Sentrale Owerheidsrekening in artikel 2(1) vermeld; (vi)

(xxiv) "Staat", met betrekking tot die gebied, ook die Administrateur-generaal maar nie 'n verteenwoordigende owerheid nie; (xxi)

(xxv) "Staatsgeld" —

(*a*) alle inkomste;

(*b*) alle ander geld hoegenaamd wat met betrekking tot die administrasie van die sake van die gebied deur of namens 'n rekenpligtige beampte ontvang is of gehou word; (xxii)

(xxvi) "statutêre instelling" 'n raad, liggaam, fonds, rekening, maatskappy, korporasie, organisasie of regspersoon wat by of kragtens die een of ander wet ingestel is en wat uit hoofde van so 'n wet oor fondse beskik of kan beskik wat hom in die geheel of ten dele toeval uit geld wat vir dié doel deur die Nasionale Vergadering bewillig is; (xxiii)

(xxi) "State", in relation to the territory, includes the Administrator-General but not any representative authority; (xxiv)

(xxii) "State moneys" means —

(*a*) all revenue;

(*b*) all other moneys whatever received or held by or on behalf of an accounting officer in relation to the administration of the affairs of the territory; (xxv)

(xxiii) "statutory institution" means any board, body, fund, account, company, corporation, organization or juristic person established by or under any law controlling or being entitled to control by virtue of any such law funds accruing to it as a whole or partly from moneys appropriated by the National Assembly for such purpose; (xxvi)

(xxiv) "territory" means the territory of South West Africa; (ix)

(xxv) "this Act" includes instructions issued under section 21; (xi)

(xxvi) "Treasury" means the financial authority in the Government Service, except in relation to a department established for any population group, which is vested in the Department of Finance and whose powers and duties in relation to any matter are exercised or performed by the Council of Ministers or any holder of a post in the Department of Finance to whom any of such powers or duties have been delegated under section 35(2); (xxvii)

(xxvii) "unauthorised expenditure" means —

(*a*) any expenditure or payment incurred or made contrary to the provisions of section 4(4) or 14;

(*b*) any expenditure or payment for which no provision has been made by or under any law;

(*c*) any expenditure or payment incurred or made without the authorisation or approval required by this Act;

(*d*) any expenditure or payment incurred or made contrary to the provisions of any law;

Wet No. 1, 1982

# WET OP STAATSFINANSIES, 1982

(xxvii) "Tesourie" die finansiële gesag in die Regeringsdiens, behalwe met betrekking tot 'n departement wat vir 'n bevolkingsgroep ingestel is, wat gesetel is in die Departement van Finansies en wie se bevoegdhede en pligte met betrekking tot die een of ander aangeleentheid uitgeoefen of verrig word deur die Ministersraad of 'n bekleër van 'n pos in die Departement van Finansies aan wie die een of ander van sodanige bevoegdhede of pligte kragtens artikel 35(2) gedelegeer is; (xxvi)

(xxviii) "verteenwoordigende owerheid" 'n verteenwoordigende owerheid soos in artikel 1 van die Proklamasie op Verteenwoordigende Owerhede, 1980 (Proklamasie AG. 8 van 1980), omskryf. (xvii)

(2) 'n Verwysing in die een of ander wet of stuk —

(*a*) na die Gekonsolideerde Inkomstefonds of die Staatsinkomstefonds of 'n rekening van sodanige Fonds, word uitgelê as 'n verwysing na die Sentrale Inkomstefonds;

(*b*) na die Kontroleur en Ouditeur-generaal, word uitgelê as 'n verwysing na die Ouditeur-generaal;

(*c*) na plaaslike effekte of plaaslike geregistreerde effekte, word, behoudens die bepalings van artikel 36(2), uitgelê as 'n verwysing na binnelandse geregistreerde effekte.

## DEEL I

## BANKREKENINGS, REKENINGSTELSEL, BESTRYDING VAN UITGAWES EN VERHAAL VAN VERLIESE OF SKADES

Rekenings by Bank of handelsbanke.

**2.** (1) Daar word by die Bank gehou 'n rekening met die naam die Sentrale Owerheidsrekening —

(*a*) waarin, behoudens die bepalings van hierdie Wet of 'n ander wet, alle Staatsgeld gestort word; en

(*b*) waaruit, behoudens die bepalings van hierdie Wet of 'n ander wet, alle uitgawes aan dienste van die Staat bestry of alle betalings met betrekking tot bedoelde Staatsgeld gedoen word.

(2) Ondanks die bepalings van subartikel (1), kan die rekenpligtige beampte vir die begrotinspos van die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese vir die doeleindes van die bestryding van uitgawes of die doen van betalings met betrekking tot die sake van sy Departement enige Staatsgeld wat in daardie Departement ontvang is op die voorwaardes (indien daar is) wat die Tesourie bepaal, gebruik of vir gebruik voorhande hou sonder om dit in die Sentrale Owerheidsrekening te stort of laat stort.

Wet No. 1, 1982 **WET OP STAATSFINANSIES, 1982**

## BYLAE

### WETTE HERROEP OF GEWYSIG

| *No en Jaar* | *Kort titel* | *Omvang van herroeping of wysiging* |
|---|---|---|
| Ordonnansie 1 van 1926 | Finansie en Ouditeur Ordonnansie, 1926 | Die herroeping van die geheel, behalwe artikels 24D en 26A |
| Ordonnansie 8 van 1928 | Finansie en Ouditeur Ordonnansie Wysigingsordonnansie, 1928 | Die herroeping van die geheel |
| Ordonnansie 17 van 1952 | Wysigingsordonnansie op Finansie en Ouditering, 1952 | Die herroeping van die geheel |
| Ordonnansie 42 van 1952 | Verdere Wysigingsordonnansie op Finansie en Ouditering, 1952 | Die herroeping van die geheel, behalwe artikel 1 |
| Ordonnansie 32 van 1957 | Wysigingsordonnansie op Finansies en Ouditering, 1957 | Die herroeping van die geheel |
| Wet 44 van 1958 | Poswet, 1958 | (*a*) Die wysiging van artikel 1—<br>(i) deur die omskrywing van "Nasionale Spaarsertifikaat" te skrap;<br>(ii) deur in die omskrywing van "sekuriteit" die woorde "Nasionale Spaarsertifikaat of" te skrap;<br>(*b*) die wysiging van artikel 54 deur die woorde "of 'n Nasionale Spaarsertifikaat wat uitgereik is ten gunste van", oral waar hulle voorkom, te skrap;<br>(*c*) die wysiging van artikel 65 deur die woorde "of Nasionale Spaarsertifikate" en die woorde "of Nasionale Spaarsertifikaat" te skrap;<br>(*d*) die herroeping van artikels 77A en 77B;<br>(*e*) die wysiging van artikel 77D deur die woorde "Nasionale Spaar- en" te skrap. |
| Ordonnansie 3 van 1961 | Wysigingsordonnansie op Finansies en Ouditering, 1961 | Die herroeping van die geheel |
| Ordonnansie 2 van 1967 | Wysigingsordonnansie op Finansies en Ouditering, 1967 | Die herroeping van die geheel |
| Ordonnansie 28 van 1969 | Wysigingsordonnansie op Finansies en Ouditering, 1969 | Die herroeping van die geheel, behalwe artikel 11 |

## SCHEDULE

## LAWS REPEALED OR AMENDED

| *No and year* | *Short title* | *Extent of repeal or amendment* |
|---|---|---|
| Ordinance 1 of 1926 | Finance and Audit Ordinance, 1926 | The repeal of the whole, except sections 24D and 26A |
| Ordinance 8 of 1928 | Finance and Audit Ordinance Amendment Ordinance, 1928 | The repeal of the whole |
| Ordinance 17 of 1952 | Finance and Audit Amendment Ordinance, 1952 | The repeal of the whole |
| Ordinance 42 of 1952 | Finance and Audit Further Amendment Ordinance, 1952 | The repeal of the whole, except section 1 |
| Ordinance 32 of 1957 | Finance and Audit Amendment Ordinance, 1957 | The repeal of the whole |
| Act 44 of 1958 | Post Office Act, 1958 | (*a*) The amendment of section 1—<br>(i) by the deletion of the definition of "National Savings Certificate";<br>(ii) by the deletion in the definition of "security" of the words "National Savings Certificate or";<br>(*b*) the amendment of section 54 by the deletion of the words "or any National Savings Certificate issued in favour of", wherever they occur;<br>(*c*) the amendment of section 65 by the deletion of the words "or National Savings Certificates" and the words "or National Savings Certificate";<br>(*d*) the repeal of sections 77A and 77B;<br>(*e*) the amendment of section 77D by the deletion of the words "National Savings and". |
| Ordinance 3 of 1961 | Finance and Audit Amendment Ordinance, 1961 | The repeal of the whole |
| Ordinance 2 of 1967 | Finance and Audit Amendment Ordinance, 1967 | The repeal of the whole |
| Ordinance 28 of 1969 | Finance and Audit Amendment Ordinance, 1969 | The repeal of the whole, except section 11 |

 **WET OP STAATSFINANSIES, 1982**

| | | |
|---|---|---|
| Ordonnansie 14 van 1973 | Wysigingsordonnansie op Finansies en Ouditering, 1973 | Die herroeping van die geheel |
| Ordonnansie 13 van 1974 | Wysigingsordonnansie op Finansies en Ouditering, 1974 | Die herroeping van die geheel |
| Wet 66 van 1975 | Skatkis- en Ouditwet, 1975 | Die herroeping van die geheel |
| Wet 102 van 1976 | Finansiewet, 1976 | Die herroeping van artikels 23, 24 en 25 |
| Wet 48 van 1977 | Wet op Finansies en Rekenings van die Spoorweë en Hawens, 1977 | Die herroeping van artikel 17 |
| Wet 111 van 1977 | Finansiewet, 1977 | Die herroeping van artikel 17 |
| Wet 94 van 1978 | Finansiewet, 1978 | Die herroeping van artikels 11, 32, 34 en 36 |
| Proklamasie 85 van 1979 | Skatkis- en Ouditproklamasie, 1979 | (*a*) Die herroeping van artikels 1 en 2;<br>(*b*) die wysiging van artikel 3 —<br>(i) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:<br>"Daar is 'n Sentrale Inkomstefonds waarin —<br>(*a*) alle inkomste, soos in artikel 1 van die Wet op Staatsfinansies 1982, omskryf;<br>(*b*) alle deposito's in die Posspaarbank in artikel 52 van die Poswet, 1958 (Wet 44 van 1958), bedoel,<br>gestort word."; en<br>(ii) deur subartikels (2) en (3) te skrap; en<br>(*c*) die herroeping van artikels 4 tot 34 en 40. |
| Proklamasie AG. 35 van 1979 | Skatkis- en Ouditwysigingsproklamasie, 1979 | Die herroeping van artikels 1 tot 15, 25 en 27 |
| Wet 5 van 1981 | Skatkis- en Ouditwysigingswet, 1981 | Die herroeping van die geheel |

| | | |
|---|---|---|
| Ordinance 14 of 1973 | Finance and Audit Amendment Ordinance, 1973 | The repeal of the whole |
| Ordinance 13 of 1974 | Finance and Audit Amendment Ordinance, 1974 | The repeal of the whole |
| Act 66 of 1975 | Exchequer and Audit Act, 1975 | The repeal of the whole |
| Act 102 of 1976 | Finance Act, 1976 | The repeal of sections 23, 24 and 25 |
| Act 48 of 1977 | Railways and Harbours Finances and Accounts Act, 1977 | The repeal of section 17 |
| Act 111 of 1977 | Finance Act, 1977 | The repeal of section 17 |
| Act 94 of 1978 | Finance Act, 1978 | The repeal of sections 11, 32, 34 and 36 |
| Proclamation 85 of 1979 | Exchequer and Audit-Proclamation, 1979 | (*a*) The repeal of sections 1 and 2;<br>(*b*) the amendment of section 3 —<br>(i) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:<br>"There shall be a Central Revenue Fund into which shall be deposited —<br>(*a*) all revenue, as defined in section 1 of the State Finance Act, 1982;<br>(*b*) all deposits in the Post Office Savings Bank referred to in section 52 of the Post Office Act, 1958 (Act 44 of *1958*).";<br>(ii) by the deletion of subsections (2) and (3); and<br>(*c*) the repeal of sections 4 to 34 and 40. |
| Proclamation AG. 35 of 1979 | Exchequer and Audit Amendment Proclamation, 1979 | The repeal of sections 1 to 15, 25 and 27 |
| Act 5 of 1981 | Exchequer and Audit Amendment Act, 1981 | The repeal of the whole |